# MIDSTREAM EDUCATIONAL SUPPORT SERVICES

## SPEECH THERAPY / SPRAAKTERAPIE

Midstream Educational Support Services (MESS) comprises the therapeutic services of Educational Psychologists, Occupational Therapists, Speech and Language Therapists, Audiologists, Visual Therapy and remedial help. These professionals are located at the offices of Midstream Educational Support Services at the Bondev Office Park in Midstream.

Midstream Educational Support Services (MESS) bestaan uit 'n span dinamiese terapeute wat daarna streef om deurentyd op die voorpunt van die nuutste kennis en tegnologie in hul onderskeie professies te wees en sodoende die beste moontlike diens aan Midstream se kinders te kan lewer.

In die era waarin ons leef word daar verskeie eise aan ons kinders gestel. Baie kinders kan met gemak aan hierdie eise voldoen, maar daar is al hoe meer kinders vir wie dit nie so maklik is nie. Dit is van die allergrootste belang om enige area wat nie voldoende ontwikkel is nie, betyds aan te spreek, aangesien die gaping tussen 'n kind met 'n probleem en 'n kind daarsonder net groter en groter word indien die probleem nie gou genoeg aangespreek word nie.

Wie behoort te besluit of jou kind enige terapeutiese insette benodig? Jou kind se onderwyseres kan 'n waardevolle inset lewer, maar geen formele of informele evaluering is beter as 'n ouer se intuïsie nie. Indien jy as ouer dus self twyfel in jou hart ervaar oor jou kind se vordering, is dit altyd beter om professionele advies in te win.

### SPRAAKTERAPIE

### WAT DOEN 'N SPRAAKTERAPEUT / OUDIOLOOG?

'n Spraak- en Taalterapeut / Oudioloog is gekwalifiseer om 'n in-diepte evaluasie van elke individuele kind se spraak-, taal- en ouditiewe vaardighede uit te voer. Die terapeut evalueer:

- Reseptiewe taal (taalbegrip) en ekspressiewe taal (taalgebruik). Daar word onder andere gekyk na beperkte woordeskat, foutiewe sinskonstruksies, woordvindingsprobleme, grammatikale foute ten opsigte van (bv.) voorsetsels, tyd, meervoude, ensovoorts, sowel as tweede taal / derde taal en probleme met logiese organisasie van denke.

- Artikulasie van klanke. Teen die ouderdom van 6 jaar behoort die meeste kinders se spraak klaar ontwikkel te wees. 'n Artikulasie probleem, wat ondervind word wanneer 'n kind 6 jaar en ouer is, kan leesprobleme en probleme ten opsigte van spelling veroorsaak.

- Vlotheid van spraak. Hakkel / onvlothede resulteer in ernstige kommunikasie- en sosialiseringsprobleme en dit is dus belangrik om hierdie kinders te verwys.

- Ouditiewe vaardighede. Spesifiek wanneer daar probleme voorkom met rympies opsê (ritme van spraak), kort aandagspan en probleme met betrekking tot konsentrasie (kan nie na stories of opdragte luister nie, veral in die teenwoordigheid van agtergrondslawaai, sowel as dat opdragte nie gevolg of korrek uitgevoer word nie).

- Probleme met ouditiewe vaardighede ten opsigte van lees, skryf en spelling: klank omruilings of vervanging (bv. "sprim" in plaas van "spring"), swak ouditiewe diskriminasie (die vermoë om te hoor dat woorde / klanke verskil), swak ouditiewe geheue (vra vir herhaling van opdragte), swak ouditiewe analise (die vermoë om 'n woord op ted eel in sy bestaande dele ten einde die woord te kan skryf). Analise van 'n sin is ook belangrik aangesien dit die kind in staat stel om 'n sin te kan skryf en sintese (die samevoeging van klanke / woorde om 'n woord / eenheid te vorm). Laasgenoemde is die onderliggende vaardigheid vir die aanleer van lees.

- 'n Diagnose word gemaak deur gestandardiseerde toetse asook informele observasie te gebruik.

- 'n Behandelingsprogram word saamgestel om aan elke individuele kind se behoeftes te voldoen.

## WAT IS KOMMUNIKA?

Kommunikasie (spraak, taal en gehoor) is BAIE belangrik in die verwerwing van geletterdheid, asook die uitvoer van skooltake en die verwerwing van sosiale vaardighede. Probleme met enige van hierdie vorms van kommunikasie kan 'n negatiewe invloed hê op skolastiese vordering, asook sosiale ontwikkeling.

## KONTAK

Annalése van Wyk. (W) 012 664 0381 (E) astrachan9@gmail.com
Anca Strachan. (W) 012 664 0381 (E) astrachan9@gmail.com

